

# DIE MUSEUM AS OPVOEDKUNDIGE INRIGTING

In sy toespraak tydens die amptelike opening van die nuwe uitstallings oor olifante het Sy Edele, die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, advokaat G. F. van L. Froneman veral die opvoedkundige funksie van die Museum beklemtoon en onder meer gesê:

"It is an indisputable fact that a museum is an educational institution. I am aware of the fact that the National Museum has been paying particular attention to educational work, in and outside the school sphere, during the past number of years. Large numbers of pupils are visiting the Museum and are being introduced to our natural heritage in the form of treasures from nature and culture.

"Die Departement van Onderwys benoem reeds vir baie jare een verteenwoordiger in die Raad aan die Nasionale Museum. Ek is besonder dankbaar vir hierdie skakel met die Onderwys, maar ek wil veral my dank en waardering uitspreek vir die feit dat (deur die Museum) gedurende 1971 ook stelling van 300 kleurskyfies oor die biologiesilabusse vir elk van die sekondêre skole in die Vrystaat gemaak is.

"In verband met die opvoedkundige dienste wat die Nasionale Museum aan skoolgroepe lewer, verneem ek dat daar by minstens drie geleenthede vertoë tot die Provinsiale Departement van Onderwys gerig is, om, soos die geval in die Kaap is, een onderwyser voltyds na die Museum te sekkondeer vir formele onderrig van besoekende skoolgroepe. Gedurende my voorganger se tyd het die destydse Uitvoerende Komitee weens gebrek aan fondse en omdat die mening gehuldig is dat die soort onderrig nie ingeruim kan word in al die skole se curricula nie, besluit om nie so 'n aanstelling te maak nie. Ek sal egter weer op die saak ingaan."



Sy Edele Die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, advokaat G. F. van L. Froneman, het op 13 April 1972 die amptelike opening van die nuwe uitstallings oor olifante waargeneem. By die veselglasreplika van 'n volgroeide olifantbul wat deur personeellede van die Museum gemaak is, verskyn van links na regs: mnr. P. van Wyk, Hoofnavorsingsbeampte van die Nasionale Parkeraad; Sy Edele die Administrateur; mnr. J. J. Oberholzer, direkteur van die Museum.

Die glasvesel-olifant en ander uitstallings daarmee saam ontlok besondere goeie kommentaar van besoekers. Die reeks ongebore olifantjies wat in ouderdom wissel van 2 tot 22 maande trek ook baie aandag

(Foto: Die Volksblad)

## Nuwe Lesingsaal

Ten einde in staat te wees om beter uitvoering te kan gee aan die belangrike opvoedkundige taak van die Museum is onlangs besluit om die bestaande kunssaal te omskep tot 'n lesingsaal. Die werk hieraan het reeds begin en word feitlik alles gedoen deur tegniese personeel van die Museum. Die saal wat van 'n skuinsvloer voorsien word, sal na voltooiing sitplek verskaf aan 196 persone. Elke sitplek is van 'n lessenaarblad

voorsien. Lugreëling word geïnstalleer en moderne projeksie-fasiliteite word ingerig.

Lesings, voordragte, demonstrasies en roiprent-en skyfievertonings sal hier aan skool- en ander besoekende groepe gelewer word.

Die lesingsaal en fasiliteite sal ook beskikbaar wees vir gebruik deur klubs en verenigings.

Skriftelike aansoeke om eksemplare van hierdie ses-maandelikse Nuusbrief moet gerig word aan: Die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein.

Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein.